Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10 | Kaapstad, 4 Julie 1951 | Prys 3d. | Nr. 31

# V.P. IS EINTLIK BEROOF VAN SY BENE

**Gedurende die afgelope paar weke het die moontlike toekomstige verwikkelinge ten aansien van sowel die opposisieparty as die regeringspartye die aandag van die koerante geniet. Hoewel daar volop gerugte was, is daar van die kant van geeneen van die politieke partye 'n gesaghebbende verklaring uitgereik nie. Die gerugte het derhalwe slegs 'n oes van vraagtekens opgelewer. Die kwessies waaraan ek aandag wil skenk is, eerstens, mnr. J. G. N. Strauss se leierskap van die Verenigde Party en, tweedens, die samesmelting van die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty.**

**Dit ly geen twyfel nie dat daar 'n wydvertakte gevoel van verydeling is in die kringe wat die Verenigde Party ondersteun. Hierdie gevoel is miskien die sterkste onder die parlementslede van die Verenigde Party; en hy openbaar homself nie soseer in kwaadwillige ontevredenheid met mnr. Strauss, die leier van die party nie, maar meer bepaald in spytige teleurstelling oor mnr. Strauss se skynbare onvermoë om sy teenstanders te beïndruk en sy volgelinge te besiel.**

**POLITIEK IN OËNSKOU**
**DEUR WAARNEMER**

Die gevolg is dat die bekommerde V.P.-manne die neiging ontwikkel het om lykskouing te hou oor die optrede van mnr. Strauss oor die praktiese stappe wat hy doen. En nou wil gerugte dit hê dat die grootste meerderheid van hierdie manne kopskuddend toegee dat „Straussie" darem maar nie die man is wat die pyp kan rook nie.

Onmiddellik ontstaan dan die vraag: Wie is die man wat lewenskrag aan die Verenigde Party kan gee? Daar is die bewonderaars van dr. Colin Steyn wat aanvoer dat die eertydse president se seun die uitkoms vir die V.P. aanbied. Maar daar is ander wat ernstige bedenkinge het. Sommige sien glo in adv. Harry Lawrence 'n leier-in-wording, maar sy naam word tans nog apologeties aangebied. Daar word vanselfsprekend aan kompromis-oplossings gedink. Dit is moontlik om die party se leierskap te „versprei", maar dit is nie baie prakties nie. Daar is niks te wen in 'n dubbele of drieledige leierskap van die party nie.

'n Man wie se naam nie genoem word nie, maar gefluister word, is mnr. Johan Carinus wat eersdaags as Administrateur van Kaapland gaan aftree. Oor mnr. Carinus se persoonlike standpunt en planne het ek hoegenaamd geen inligting nie. En ek vrees dat dit ook die geval is met die meeste V.P.-mense wat hongerig na hom kyk.

### V.P. SE PROBLEEM

My oortuiging is dat die V.P. hoegenaamd nie tot verhaal sal kom slegs as gevolg van 'n skommeling van leiers nie. **Die Party se moeïlikhede is baie dieperliggend. Dit het te doen met die koers waarin die party, myns insiens, gedwing word.**

**Dit word algemeen gevoel in die beswaarde kringe van die Verenigde Party dat die vernaamste rede vir die party se lusteloosheid geleë is in die feit dat die V.P. in toenemende mate sy „beproefde" Sap-karakter verloor en al meer en meer 'n nuwe liberalistiese party word.** En die teleurstelling met mnr. Strauss is juis omdat hierdie ongelukkige ontwikkeling onder sy leiding plaasvind.

Die vraag is egter of mnr. Strauss (of 'n nuwe V.P.-leier) 'n keuse het om 'n ander koers in te slaan as die een wat vandag gevolg word. **Die beleid van enige opposisieparty word hoofsaaklik bepaal deur die regeringsparty** — in die sin dat die opposisieparty 'n teenoorgestelde of minstens verskillende beleid van die regering s'n moet volg.

### WAT DAN?

**Indien dit nou gebeur dat die regeringsparty 'n beleid volg wat ooreenstem met die beleid wat die opposisieparty altyd gehad het, dan word daardie opposisie in 'n uiters netelige posisie geplaas.** Sy bene word dan onder sy lyf uitgeslaan en hy moet òf val òf op ander bene gaan staan. En dit is hierdie lastige keuse waarvoor die opposisieparty te staan gekom het sedert die Malan-regering die bewind aanvaar het.

Ten einde te verduidelik wat ek bedoel sal ek 'n paar van die ooreenstemmings noem wat die V.P. se bene onder sy lyf uitgeslaan het.

Ten aansien van buitelandse sake kan die opposisie nie verbeter op die eerste minister se beleid om Suid-Afrika „onder enige omstandighede" in die Britse Statebond te hou nie; en hy kan geen fout vind met die regering se beleid om Suid-Afrika op ideologiese of partypolitieke, ekonomiese en militêre gebied by die Britse patroon in te weef nie.

As gevolg van hierdie frontverandering deur die eerste minister het verskille van belangrike prinsipiële en emosionele aard wat vroeër tussen die H.N.P. en die V.P. bestaan het, nou verdwyn.

Ten aansien van binnelandse aangeleenthede het die eerste minister die beleid van algehele apartheid prysgegee en net soos sy V.P.-voorganger die onvermydelikheid van die ekonomiese integrasie van die nie-blanke aanvaar. Hy eis slegs politieke en sosiale apartheid tussen wit en swart, net soos die V.P. Derhalwe het hy die V.P.-opposisie wat hom opponeer, in 'n hoekie gedryf.

### WATTER BENE?

Mnr. Strauss moes noodgedwonge kies om op ander bene te gaan staan. Op bene wat anders is as die regeringsparty se nuwe bene. Maar op watter bene? Hy kon nie kies om meer nasionaal te word as die regeringsparty nie — want dan sou hy by die Ossewabrandwag moes aangesluit het.

Die praktiese eise wat opposisieskap aan die V.P. gestel het, het hom gedwing om in toenemende mate liberalisties te word. Hoe meer die regeringsparty versap het hoe meer liberalisties moes die V.P. word. En hoe meer liberalisties die V.P. geword het, hoe smakeloser het hy vir 'n groot deel van sy aanhangers geword.

Dit is my diagnose van die verydeling wat in die kringe van die V.P. ontstaan het. Daarvoor is een oplossing. Die V.P. moet 'n operasie ondergaan en die verydeldes moet uit die party gesny word. Dan sal die party die gelukkige tuiste word van die klein klompie liberaliste wat so 'n groot lawaai in Suid-Afrika maak.

Ek weet wat die mag van gevestigde belange is. Daarom glo ek dat dit nog net gevestigde partybelange is wat die V.P. aanmekaar hou. **Dit ly hoegenaamd geen twyfel nie dat 'n uit-en-uit republikeinse party vandag in ons land baie groter moontlikhede en bestaanskanse het as die Verenigde Party.**

# K.G. VRA FONDSE VIR REPUBLIEK OP 8 AUGUSTUS

**In 'n oproep aan alle Brandwagte om fondse in te samel op 8 Augustus, die herdenkingsdag van die Ossewatrek, skryf die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, as volg:**



**In die verlede het die Ossewabrandwag steeds 8 Augustus as Fondsdag na sy beste vermoë gevier. Sonder dit sou ons nie die stryd kon voortgesit het nie . . . 'n stryd wat vir die republikeinse doelstelling baie beteken het.**

**Ons gaan vanjaar gebuk onder baie moeilikhede en elkeen besef dat ons nie dieselfde resultate kan behaal met 8 Augustus as wat in die hooggety gebeur het nie. Nietemin is dit ons plig om, net waar 'n konmmando kans sien om 'n funksie te hou, sulks te doen. En waar omstandighede dit belet, daar kan die offisiere sorg dra dat by wyse van verspreiding van gesinsvorms en insameling van gesinsbydrae die nodige middele gevind word om die stryd voort te sit.**

**Sonder om enigiemand anders, wat ook andere verantwoordelikhede as die O.B. het, te na te kom, kan ons met vrymoedigheid beweer dat vandag meer as ooit te vore die vasbakening van die republikeinse koers van die Afrikaner op elke beskikbare krag aangewese is. Een van daardie kragte, en wel een van die mees onwankelbare, is en bly die Ossewabrandwag.**

# Een Uit Elke 7 Gelling Melk Verlore Weens Stygende Pryse

**Ekonome het al gewaarsku dat prysstygings 'n stadium sal bereik waar hoër pryse nie meer lonend sal wees nie weens die krimping van die afset wat noodwendig daarop moet volg. Dit wil voorkom of hierdie punt byna bereik is ten opsigte van een baie belangrike voedselsoort — melk. Sommige produsente kla reeds dat die verhoogde pryse wat verlede jaar toegestaan is hulle nie ten goede gekom het nie weens die daling van hul gelewerde kwotas as gevolg van 'n groeiende melksurplus in die Kaapse gebied. Hierdie surplus word deur die Kaapse Melkbemarkingsorganisasie op meer as 1¼ miljoen gelling melk verlede jaar bereken. Intussen is die prys van melk sedert die begin van die maand met nog 2d. per gelling verhoog.**

**Volgens die voorsitter van die organisasie is die posisie ten opsigte van die daling in melkverkopings so ernstig dat daar begin is met 'n taamlike grootskaalse advertensie-veldtog vir die verbruik van meer melk.**

**In antwoord op die stelling van sekere produsente dat hulle beter daaraan toe was sonder prysverhogings, is die voorsitter se antwoord dat die gemiddelde prys van melk per gelling ondanks die groot vermeerderde surplus wel met iets meer as een-derde pennie gestyg het.** Die surplus van 1,257,429 gelling in 1950 is teen ongeveer 10d. per gelling laer as die markprys van die hand gesit aan kaasfabrieke, ens. **In werklikheid beteken hierdie stelling dat die verbruiker 2d. per gelling meer moet betaal sodat die primêre produsent een-derde pennie per gelling meer vir sy produk kan ontvang. Die een-en-twee-derdes pennie gaan vir die primêre produsent verlore en kom uiteindelik in die sak van die sekundêre produsent tereg sonder dat dit die bedoeling was dat hy dit sou kry. Inteendeel, sy produkte se prys word ook geleidelik opgeskuif.**

### VERKEERD

Die vraag wat die publiek nou stel is of dit billik is dat 'n belangrike voedsel soos melk jaarliks met 2d. per gelling styg ten einde die primêre produsent maar een-derde van 'n pennie groter wins te besorg?

**Sou 'n verlaging van prys nie juis 'n groter omset bewerkstellig en sodoende nie alleen die produsent 'n bestaanbare inkomste bied maar ook terselfdertyd 'n waardevolle bydrae tot die volk se gesondheid lewer nie?**

Die vraag word gestel of dit nie vir sowel die produsent as die verbruiker meer betalend sal wees indien die staat die een-derde pennie meer per gelling aan die produsente regstreeks uitkeer by wyse van subsidie nie in plaas van dat die verbruiker 2d. meer vir hul melk moet betaal en gevolglik die melksurplus nog groter maak?

**As hierby in aanmerking geneem word dat die produsente tans duisende ponde spandeer om by wyse van advertensie die omset van hul produk uit te brei, dan verrys die vraag verder of die ekstra een-derde van 'n pennie per gelling nie nou deur reklame opgeslurp word nie. Sou dit nie beter reklame vir melk wees indien die prys meer mense aanmoedig om dit in groter hoeveelhede te verbruik nie?**

### 15% VERLORE

Hoe groot die surplus in werklikheid is, spring in die oog wanneer die totale melkproduksie daarby vergelyk word. Dit was verlede jaar 9,266,601 gel-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

ling en daarvan kon 1,257,429 gelling nie aan die publiek verkoop word nie omdat die vraag gedaal het ná die prysstyging. **Die surplus verteenwoordig dus inderdaad byna 15 (14.79) persent! Vir elke 7 gelling melk wat geproduseer word, vind 1 gelling geen afset nie en moet dit vir 10d. onder die markprys êrens afgelaai word.**

**Ons het hier 'n skitterende voorbeeld van die kapitalistiese grondslag van ons landsekonomie. Terwyl die minister van gesondheid in die parlement toesprake hou oor gefortifiseerde pap wat aan die armes verskaf moet word ten einde hul weerstand teen siektes soos tering op te bou, en terwyl 'n stad soos Kaapstad 'n meervoudig hoër teringsyfer het as enige Europese stad, word die prys van 'n noodsaaklike voedsel soos melk so onoordeelkundig verhoog dat sowel die produsent as die verbruiker daarby verloor!**

En terwyl dit die geval is, word daar reeds weer by die regering geagiteer om nog 'n verhoging van die melkprys sodat ook die middelman meer wins kan maak! So 'n afvaardiging was 'n paar weke gelede nog weer by die minister.

DIE O.B., WOENSDAG, 4 JULIE 1951

# LANDSONTWRIGTING EN PARTYPOLITIEK

'n Steenkoolkrisis wat die afgelope jare al nader gekruip het, het verlede week 'n nuwe hoogtepunt bereik toe die Skiereiland en omgewing byna vir die naweek sonder krag gesit het. In die openbaar en in die pers is allerlei redes vir die krisis aangevoer wat gestrek het van beskuldigings dat die steenkooleienaars te veel steenkool die land uitvoer tot die stelling dat ons Spoorweë nie meer opgewasse is vir die taak om steenkool oor die land te versprei nie. Dit mag wees dat die oorsaak 'n kombinasie is van verskillende faktore. **Maar wat dit ook al mag wees, hierdie periodieke en groeiende krisis werp 'n skerp lig op die onvermoë van die huidige metodes van landsbestuur in 'n snel ontwikkelende land soos Suid-Afrika met sy groot uitgestrektheid.**

## MANEUWERS

Onder die partystelsel word aan landsbestuur as sodanig maar 'n baie klein deeltjie van die energie van 'n regering bestee. Die grootste deel van die aandag word in beslag geneem deur propaganda-maneuwers in die stryd teen Sy Majesteit se Opposisie. 'n Regering kan ook nie te hard geoordeel word oor hierdie versuim nie, want om te kan regeer, of liewer aan bewind te wees, moet hy eers die opposisie verslaan en dan elke dag verder sorg dat hy sy aanvalle bly afslaan. **Baie min tyd bly uiteindelik oor om aan kalme bestuur en beplanning van landsake te wy.** Sake van emosionele aard geniet dan ook voorkeur in regeringswerk — sake wat stemme sal trek. **Die politiek is nie meer soseer 'n saak van landsontwikkeling nie, maar van ideologiese oorlog.**

## KRY GEEN AANDAG

In so 'n atmosfeer spreek dit vanself dat die vinger van 'n regering veel meer gehou word op die pols van die breë kieserskorps met hul emosionele drange as op die stille ontwikkelingsgang van die land. Aan sake soos grondverspoeling, ekonomiese beplanning, ens. word 'n minimum van aandag geskenk. **Die herhaalde verskyning van 'n steenkoolkrisis in dele van die land het so min oorweging geniet dat daar nie tyd was vir die besef om in te dring dat dit simptomaties mag wees van 'n gevaarlike ondervoeding êrens op ekonomiese gebied nie.** Eers wanneer die skade klaar aangerig is, sal die politici mekaar begin verwyt oor die nuwe euwel waaroor daar nou weer met soveel gloed verkiesings gehou kan word. Wat 'n land soos Suid-Afrika vandag by uitstek nodig het, is 'n regering onder 'n staatstelsel wat hom die nodige stilte en geleentheid sal bied om al sy aandag te wy aan die belange van die land, wat hom die nodige gegewens en deskundige advies sal verskaf om op groot skaal en lank vooruit te beplan, en wat hom die beskerming sal bied om die troffel en klip met albei hande te hanteer sonder vrees dat hy hom om elke draai teen die aanvalle van 'n gehuurde opposisie sal vasloop.

## NUWE STELSEL

Daardie stelsel moet onder meer bevat 'n president wat sy uitvoerende raad sonder party-kwalifikasies aanstel uit die hele volk en wat onafhanklik van 'n party-meerderheid in die volksraad regeer. Dit moet verder voorsiening maak vir die nodige deskundige bystand deur die daarstelling van 'n tweede kamer waarin die verskillende ekonomiese belange van die land verteenwoordig sal wees, en daarbenewens moet voorsiening gemaak word vir 'n sentrale beplanningsraad wat die ontwikkeling van die land kan beplan en koördineer. **So 'n raad sal dan lank vooruit kan bereken watter eise aan steenkoolmyne en die spoorweë gestel sal word as die land se nywerhede teen 'n sekere tempo ontwikkel.**

## BESTUDEER NET HANSARD

Daar was in die verlede ook al sprake van 'n beplanningsraad, maar binne die huidige stelsel, vrees ons, sal sy arbeid die weg opgaan van alle regeringskommissies wat lywige verslae opstel wat nie eens deur die parlementslede of kabinet deurgelees word nie. **Daar lê al stapels sulke blouboeke in ons argiewe waarvan geen politikus enige notisie neem nie — eenvoudig om die rede dat dit vir hom veel meer noodsaaklik en nuttig is om Hansard-verslae deur te lees op soek na teenstrydighede van sy teenparty vir gebruik in die „debatte" in die parlement, waar daar getwis word in plaas van geregeer.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *10 Oktober nog nie Ingestel*

10 Oktober is nog nie by wyse van wetgewing ingestel as 'n jaarlikse vakansiedag waarop die Afrikanervolk sy helde kan vereer nie. Die regering se voorneme was glo om die wet op vakansiedae tydens die afgelope sitting van die parlement te laat aanneem. Dit het egter nie gebeur nie. Die regeringspartye blameer die opposisiepartye omdat dit nie gebeur het nie en op sy beurt pak die oppossisie weer die blaam op die regering. Myns insiens het altwee skuld.

Die regering het uitgestel met die indiening van die wetgewing tot op die laaste tippie, toe die parlementslede se koffers al kant-en-klaar ingepak was en die huis-toe-gaan-trein alreeds gefluit het om aan te kondig dat hy nou-nou gaan vertrek. Toe eers het die regering die wetgewing ingedien. Indien die opposisie geen teenstand teen die wetgewing gebied het nie, sou die parlement dit nog in alleryl kon aangeneem het voor sy verdaging. Maar die opposisie het teenstand gebied en omdat die parlementslede so haastig huis toe was dat daar nie tyd was om 'n betwiste maatreël deur al die stadiums te loods nie, het die regering maar die wetgewing teruggetrek. En nou moet die wet op vakansiedae vir nog 'n jaar oorstaan.

### *Moenie Krugerdag Heet Nie*

As die regering die wetgewing eerder ingedien het of die parlement 'n paar dae langer laat sit het, dan was die maatreël op die wetboek. En as die opposisie die wetgewing ondersteun het, dan sou dit ook vandag op die wetboek gestaan het. Gewoonlik kan pot nie vir ketel verwyt nie. En hoewel ek wil toegee dat pot swart is, meen ek tog dat ketel, in hierdie geval, swarter is. Ek dink die regering was geregtig om te verwag dat die opposisie die wetgewing sou ondersteun.

Die opposisie se beswaar teen die wetgewing het gegaan oor die benaming van 10 Oktober. die regering het voorgestel dat dit Krugerdag sal wees. Die opposisie wou dit Heldedag noem.

### *Aanbevelings van die Kommissie*

In Meimaand verlede jaar het die onpartydige kommissie wat die Unie se openbare vakansiedae ondersoek het, eenparig aanbeveel dat 10 Oktober Krugerdag genoem moet word. Die kommissie het aanbeveel dat daar twaalf vakansiedae in die jaar moet wees, en wel die volgende:

(1) Nuwejaarsdag op 1 Jan.
(2) Van Riebeeck-dag op 6 April.
(3) Goeie Vrydag.
(4) Paasmaandag.
(5) Hemelvaart.
(6) Uniedag op 31 Mei.
(7) Koningsverjaardag op die tweede Maandag in Julie.
(8) Setlaarsdag op die eerste Maandag in September.
(9) Krugerdag op 10 Oktober.
(10) Geloftedag op 16 Des.
(11) Kersdag op 25 Desember.
(12) Tweede Kersdag op 26 Desember.

### *Gelykop Verdeel Tussen Boer en Brit*

Dit is nogal interessant om die geaardheid van hierdie twaalf vakansiedae te ontleed. Daar is vyf vakansiedae wat betrekking het op die Christelike godsdiens. Een is 'n kalenderdag wat die wisseling van die jare aandui. Die orige ses vakansiedae kan in drie groepe verdeel word, nl. die dae wat besondere betekenis het vir die Afrikanervolk, t.w. Krugerdag en Geloftedag; die dae wat besondere betekenis het vir die Engelssprekendes in Suid-Afrika, t.w. Koningsverjaardag en Setlaarsdag; en die dae wat „neutraal" is ten aansien van Boer-Brit tradisies, t.w. Van Riebeeckdag en Uniedag. Selfs ten aansien van laasgenoemde twee dae weeg die skaaltjie. Indien die Afrikaners beskou dat Van Riebeeckdag meer bepaald hul dag is, dan beskou die Engelssprekendes dat Uniedag weer meer bepaald hul dag is omdat die twee eertydse Boererepublieke op daardie dag finaal ingemessel is in Brits-Suid-Afrika. 'n Mens kry die indruk dat die vakansiedae met byna matematiese akkuraatheid gelykop verdeel is tussen Boer en Brit.

### *Kleurlose Heldedag is Belaglik*

Maar nou eis die Verenigde Party die Krugerdag herdoop moet word na Heldedag. En die helde wat die opposisieparty op daardie dag wil eer sluit in manne soos Cecil John Rhodes, Sir Starr Jameson, Lord Charles Somerset, Lord Alfred Milner, Kitchener van Khartoum, Roberts van Kandahar, dr. Philips, Dick King, Onse Jan Hofmeyr, Kleinjannie Hofmeyr, Veldm. Smuts, dr. Malan, Generaal Hertzog, mnr. J. G. N. Strauss en mnr. N. C. Havenga. Die Verenigde Party moet darem nie belaglik word nie. Dit sal selfs 'n oulike partypolitikus kos om op die Verenigde Party se „Heldedag" in een asem hulde te bring aan Kruger en Kitchener; Hertzog en Milner; dr. Philips en Frederik Bezuidenhout; en les bes aan Daniël Malan en Koos Strauss.

Maar dis nog nie al nie. Die moontlikhede van die Verenigde Party se „Heldedag" is onbeperk. Dis glad nie uitgesluit dat 'n onnadenkende feeskomitee, wat in gebreke bly om sy redenaars te keur, eienaardige heldefratse op 10 Oktober kan uitlok nie. Want na alle waarskynlikheid sal verskillende soorte helde deur verskillende sprekers vereer word. So kan een spreker se held 'n man wees wat 'n voetbal besonder netjies deur die pale kan skop; 'n ander spreker kan in verrukking gaan oor sy held wat die kuns verstaan om geld en aardse skatte te versamel; nog een se held mag 'n posseëlversamelaar wees of 'n boer wie se bul die eerste prys op 'n landboutentoonstelling verower het.

### *Afrikaners Eis Presidentsverjaardag*

Indien die Verenigde Party weier om die benaming Krugerdag te aanvaar wat 'n onmisverstaanbare aanduiding is dat slegs die Afrikanervolkshelde op 10 Oktober vereer moet word; en as die party aanhou om die benaming Heldedag te eis sodat 'n bonte menigte „helde" vereer kan word, dan is die V.P. besig om die Afrikanervolk te beledig. Wanneer ons hulde aan ons volk se helde bring doen ons dit met jaloerse trots. En die V.P. moet nie probeer om sy Jamesons en sy Milners langs ons Christiaan de Wet, Koos de la Rey, Jopie Fourie en ander grotes te kom staanmaak nie. Ons sal dit nie duld nie.

Bowendien moet die V.P. onthou dat die Engelssprekendes hul Koningsverjaardag het. Ons Afrikaners eis ons Presidentsverjaardag. Ons is mos republikeine en nie monargiste nie. Daarom wil ons doelbewus die Presidentsverjaardag Krugerdag noem want die naam Paul Kruker en republikanisme is vir elke Afrikaner (sowel as vir elke nie-Afrikaner) onafskeidbaar aan mekaar verbonde. En juis omdat ons die republikeinse ideaal onlosmakelik wil vasknoop aan die vakansiedag op 10 Oktober, daarom eis ons dat die dag Krugerdag genoem moet word.

'n Heldedag waarop mense soos Rhodes en Milner vereer kan word is 'n miskenning van ons volk se republikeinse verlede. Die Afrikanervolkshelde het roem verwerf in hul republikeinse vryheidstryd teen die Britse veroweraar. Op Krugerdag wil ons nie net hierdie helde vereer nie, maar ons wil boweal inspirasie put uit hul stryd, sodat ons die moed kan hê om ons eie republikeinse stryd te stry.

### *Onsmaaklike Stertjie Aan Salarisverhogings*

Die onsmaaklike affêre van die parlementslede wat vir hulleself net salarisverhogings gestem het terwyl hul kiesers slegs lewenskosteverhogings kry, het boonop nog 'n stertjie wat net so onsmaaklik is. Die salarisverhogings is van terugwerkende aard. In die praktyk beteken dit dat die verhogings reeds sedert Aprilmaand van krag is. Derhalwe gaan parlementslede nou drie maande se agterstallige verhogings ontvang.

Vanaf Juliemaand sal die „volk" se verteenwoordigers nie meer die hongerloontjie van £83/6/8 per maand ontvang nie. Nee. Ooreenkomstig die klein verhoginkie wat hulle hulleself toegeken het sal hulle voortaan darem £116/13/4 ontvang. Die klein verhoginkie bedra slegs £33/6/8 per maand. Net om die parlementslede effentjies tegemoet te kom sal hulle £100 aan agterstallige salarisverhogings ook ontvang. Waarskynlik sal hulle teen die end van Julie 'n salaristjekkie van £216/13/4 ontvang.

Hul kiesers — „die volk daarbuite" — sal darem ook iets kry — die gebruiklike lewenskosteverhoging.

Watter soort vader is dit wat self brood eet en vir sy kinders klippe gee?

### *Verhoog Almal se Salarisse*

Maar daar is ook 'n ander vraag wat gestel moet word: As die vader brood mag eet waarom mag die kinders dan ook nie brood eet nie? As die parlementslede hul eie salarisse sedert 1946 presies verdubbel het, waarom mag elke inkomstegroep in die land dan nie eis dat hulle vandag dubbeld soveel moet verdien as in 1946 nie? Die parlementslede het nie meer aanspraak op salarisverdubbeling as bv. die onderwysers of die spoorwegmanne of die telefoniste en telegrafiste nie. Of as die boerknegte of die polisiedienare of verpleegsters en tiksters nie. Trouens die parlementslede het waarskynlik minder aanspraak op salarisverdubbeling as hul kiesers, wat minder praat maar meer werk as hulle.

Neem byvoorbeeld die geval van die ambagsmanne op die spoorweë. Ten aansien van die eis van die Vakpersoneelvereniging van die spoorweë om loon-

(Vervolg op bls. 3 kol. 1.)

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### DOODBERIG

**DE WET.**—Sag en onverwags heengegaan op 19 Junie, ons geliefde eggenoot en vader, H. C. de Wet. Jou heengaan is vir ons 'n verlies, maar jy stel die voorbeeld op die pad wat ons moet kies. Die diep bedroefde eggenote, **Margaretha en kinders** 4/7/1B

### IN MEMORIAM

**ROSENLEFT.**—Dis reeds elf jaar dat u deur die dood van ons weggeneem is, liefste vader en oupa, Freddie. Ons gun u die rus. **Lodewyk en Edvige Bleidt en kleinkinders, Wolseley.** 4/7/1

### TE KOOP

**SWART AUSTRALORP KUIKENS,** waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen 6/10/- k.m.b. van **E. BOTHA,** Bus 1128, Bloemfontein. 4/7/1




**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

### RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435**

### MEUBELS

**MEUBELS.— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..............................*vir die eerste*....................*maande.*

*NAAM*..................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................................

..............................................................

..............................................................

..............................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Naturelle in ons Ekonomie (Slot)*

# SAL STRYD TOT DIE DOOD AFGEE TUSSEN RASSE

**In die vorige uitgawe is beklemtoon dat daar oor vyftig jaar waarskynlik ongeveer 12 miljoen naturelle in die blanke gebiede sal wees as permanente inwoners, dit wil sê twee maal soveel as die blankes.**

Die waarskynlikheid is verder dat die grootste deel hiervan in en om ons stedelike gebiede gevestig sal wees, en dat daar waarskynlik nie een enkele groterige dorp of stad in die Unie sal wees waarin die naturellebevolking nie aansienlik meer sal wees as die blanke bevolking nie. **Hoe so 'n moontlikheid, en die konsekwensies wat daaruit mag voortvloei, met gelatenheid aanvaar en selfs beplan kan word, is vir ons totaal onbegryplik.** As ons huidige stedelike naturelleprobleme in ag geneem word, die geweldige agterstand wat behuising betref, die gevoel van onveiligheid en vrees wat vandag reeds by baie blanke stedelinge bestaan, dan wonder 'n mens hoe 'n beleid wat hierdie toestande sal bestendig en vererger, as uitvoerbaar en as die aangewese aangeprys kan word.

### DRUK

In die lig van hierdie feite sal die druk van naturellekant om op 'n billiker wyse as tans behandel te word, nie alleen geweldig toeneem nie, maar uiteindelik selfs waarskynlik onweerstaanbaar word — **temeer as in ag geneem word dat hulle dan in die posisie sal wees, deurdat hulle oor die nodige, veral ekonomiese, dwangmiddels beskik, om hul eise af te dwing.** Uit die aard van die saak sal een van die eerste gevolge van so 'n beleid die aksentuering van die politieke vraagstuk wees met sy ondergeskikte en ontoereikende politieke regte wat hy op die oomblik besit nie; **dit sou tewens ook immoreel wees om hom as permanente ingesetene van die land te aanvaar, maar dan politieke en ander regte van hom te weerhou.** En dit is juis in hierdie opsig waar die integrasie-voorstanders voor 'n onmoontlike dilemma te staan kom. Om hulle beleid aanneemlik — vir blank en naturel — voor te stel, is hulle gedwing om aan die politieke aspek van die integrasiebeleid aandag te gee. Ons wil dan ook vervolgens kortliks ingaan op die moontlikhede wat in hierdie verband voorgehou word, en poog om elk van hulle kortliks nader te ontleed.

### MOONTLIKHEDE

'n Geringe getal voorstanders van die integrasiebeleid gaan sover as om die onmiddellike toekenning van alle politieke regte aan naturelle — afgesien van hul peil van ontwikkeling — te bepleit. Om begryplike redes ag ons dit nie nodig om hier kommentaar te lewer op so 'n fantastiese siening van sake nie. Die drie moontlikhede wat in die reël deur die integrasie-voorstanders genoem word, is die volgende:

(a) die skepping van 'n eie naturelleparlement;

(b) voorsiening vir beperkte groepsverteenwoordiging in die parlement vir die naturellebevolking;

(c) die toekenning van die stemreg, op 'n gemeenskaplike kieserslys met die blanke, aan dié naturelle wat aan sekere vasgestelde kwalifikasies voldoen.

### A. 'N EIE PARLEMENT VIR DIE NATURELLE

In ons kommentaar op die Verslag van die Naturellewette-Kommissie (Fagan-kommissie), waarin hierdie uitweg voorgestel word, het ons reeds volledig ingegaan op die absolute onmoontlikheid daarvan dat in 'n ge-integreerde samelewing daar aparte parlemente vir verskillende bevolkingsgroepe of -klasse kan wees. Ineenstrengeling bring noodwendig so 'n groot mate van gemeenskaplikheid van belange mee dat dit onprakties en onuitvoerbaar, tewens ondenkbaar, sou wees om langs hierdie weg 'n oplossing te vind waardeur òf die politieke aspirasies van die naturellebevolking bevredig kan word òf die blanke parlement die finale seggenskap behou oor sake waarby ook die blanke bevolking belang het. Die noodwendige gevolg kan alleen maar lei tot 'n stryd tussen die twee „parlemente," en die onderskeie bevolkingsgroepe, oor die verdeling van die betreffende bevoegdhede, en oor wie die hoofseggenskap sal hê oor sake waarby èn blank èn naturel belang het.

**Meegaande artikel is die tweede en slothoofstuk uit die pen van proff. J. J. Olivier en B. I. C. van Eeden, soos gepubliseer in Inspan.**

### B. BEPERKTE GROEPVERTEENWOORDIGING IN DIE UNIE-PARLEMENT

Die voorstanders van die integrasiebeleid beweer heel dikwels dat die toekenning van 'n vasgestelde en beperkte aantal verteenwoordigers in ons parlement die naturellebevolking tevrede behoort te stel, en ook geen gevaar op politieke terrein vir die blanke bevolking inhou nie. Die eerste vraag wat in dié verband gestel moet word, is of daar op enige redelike gronde aangeneem kan word dat die naturellebevolking, op die lang duur met dié tipe verteenwoordiging, waarin per slot van sake teen hulle gediskrimineer word, tevrede sal en kan wees; en, in die tweede plek, indien die beginsel van groepsverteenwoordiging aanvaar sou word, hoeveel verteenwoordigers in die Volksraad en/of die senaat aan hulle toegestaan kan word. Dit is 'n bekende feit dat 'n deel van ons naturellebevolking reeds nie meer tevrede is met die verteenwoordiging wat hulle deur die 1936-maatreël in die parlement verkry het nie. Moet hierdie verteenwoordiging uitgebrei word, en indien wel, met hoeveel? Verder, is dit geregverdigd om aan te neem dat die in getal sterkere naturellebevolking uiteindelik bereid sal wees om verteenwoordiging in die parlement te besit wat ongunstig vergelyk met dié wat die kleinere blanke gemeenskap het? As in gedagte gehou word hoe groot ons naturellebevolking oor 50 jaar sal wees, en dat die oorgrote deel daarvan in die blanke gebiede 'n tuiste sal gevind het, kan daar weinig twyfel bestaan dat so 'n reëling eventueel onbevredigend sal wees en tot ernstige vrywing en moeilikheid aanleiding moet gee.

Daar word beweer dat groepsverteenwoordiging in die parlement geregverdig is indien die verskil in beskawings- en kultuurpeil tussen blank en naturel in ag geneem word. **Hierdie verskille is egter van verbygaande aard en bestem om in die toekoms in 'n groot mate te verdwyn** — trouens, juis die integrasieproses sal die sterkste faktor wees wat die verdwyning van hierdie verskille sal bespoedig. Onder hierdie omstandighede moet diskriminasie van die aard hierbo beskrywe, uiteindelik totaal onhoudbaar word.

### C. DIE TOEKENNING VAN DIE INDIVIDUELE STEMREG AAN NATURELLE

Die derde alternatief wat genoem word, is dat aan naturelle wat aan sekere gestelde vereistes voldoen, die gewone stemreg moet toegeken word. Die klaarblyklike swakheid van hierdie rigting lê veral in die „vereistes" wat gestel moet word. Moet dit 'n opvoedkundige vereiste wees, en, indien wel, van watter standaard? Standerd ses, matrikulasie, 'n akademiese graad? Of moet dit 'n loon- en/of eiendomskwalifikasie wees? Die nugtere feite is, nl.:

(1) dat indien die kwalifikasies so hoog gestel word dat slegs 'n geringe aantal naturelle daaraan sal kan voldoen, die probleem onopgelos bly omdat die naturellemassa dan nog onverteenwoordigd is, en op beter behandeling sal aandring en dit uiteindelik ook sal afdwing;

(2) dat, indien die kwalifikasies so laag gestel word dat dit die massa bevredig, die onbelemmerde en veilige voortbestaan van die blanke en sy politieke leierskap in dodelike gevaar geplaas word.

### RESULTAAT

Die slotsom waartoe hierdie verskillende oorwegings lei, is dat die genoemde alternatiewe (of kombinasies daarvan) die element van onbillikheid en onregverdigheid teenoor ons naturellebevolking inhou of die blanke se leidende politieke posisie in gevaar stel, of albei. Ten opsigte van die politieke aspek behels die beleidsrigting van integrasie niks anders nie as dit waarvan die voorstanders van die beleid van aparte ontwikkeling gedurig beskuldig word, nl. growwe oneerlikheid. **Die integrasiebeleid is in wese oneerlik teenoor ons naturellegevolking omdat dit die indruk by hulle wek dat hul politieke eise dan volkome bevredig sal word, terwyl die integrasievoorstanders baie goed bewus is van die feit dat die blanke bevolking — omdat sy politieke leierskap noodwendig daardeur in gevaar gestel word — so 'n ontwikkeling nooit sal gedoog nie.** Dit is ewe oneerlik teenoor die blankes, omdat aan hulle voorgehou word dat volledige integrasie kan geskied sonder enige politieke risiko vir hulleself.

**Die feit is dat die enigste resultaat van die integrasie-beleid maar net sal wees dat die twee bevolkingsgroepe in 'n stryd tot die dood toe gewikkel sal word. Die vraag ontstaan dan of hierdie persone inderdaad, soos hulle wens voor te gee, strewe na goeie rassebetrekkinge in ons land.**

# So Werk die Parlement: Sprake van Bierparty

**'n Groot deel van die tyd — waarskynlik die oorgrote deel van die tyd in die parlement word nie vir die bevordering van landsbelange gebruik nie, maar deur „Sy Majesteit se Opposisie" en „Sy Majesteit se Regering" verknaag in hul „spel" teen mekaar om besit van die regeringskussings. Hieronder volg nog 'n voorbeeld uit Hansard van die partygeskarrel — iets wat nooit in die ou Boererepublieke voorgekom het nie omdat daar geen Britse partystelsel in swang was nie:**

MNR. BOTHA: Ons het nou vanaand die skouspel dat die Verenigde Party en die kommunis presies van dieselfde standpunt uitgaan.

MNR. KAHN: Op 'n punt van orde, mag ek vra of dit goeie Parlementêre taal is om na 'n ander lid te verwys as 'n kommunis?

DIE VOORSITTER: **Dit is nie toelaatbaar nie.**

MNR. BOTHA: Laat ek dit dan so stel.

AGB. LEDE: Trek terug.

MNR. BOTHA: Ek sal die woord terugtrek, maar ek wil dit dan so stel dat die agb. lid wat gekies is as kommunis en wat openlik gesê het dat hy een is . . .

MNR. RUSSELL: Op 'n punt van orde. Ek stel nie belang in die posisie van die agb. lid vir Westelike Kaap (mnr. Kahn) nie, maar in die feit dat die agb. lid gesê het dat die kommuniste en die Verenigde Party dieselfde mening huldig. Dit moet hy terugtrek uit agting vir die Verenigde Party.

MNR. KAHN: Op 'n punt van orde. Mag ek nie beswaar daarteen maak dat my naam gekoppel word aan dié van die Verenigde Party nie?

DIE VOORSITTER: Die agb. lid vir George het teruggetrek.

MNR. BOTHA: Ek sê dat die Verenigde Party van dieselfde standpunt uitgaan as die lid wat homself as kommunis laat kies het.

MNR. ROBINSON: Op 'n punt van orde! U het die agb. lid gevra om terug te trek en hy het dit gedoen met 'n voorbehoud. Sal u so goed wees om te reël dat hy dit sonder voorbehoud moet terug trek?

DIE VOORSITTER: Hy het dit teruggetrek.

DR. LOOCK: Op 'n punt van orde! Is dit die reëling van die Stoel dat ons die agb. lid vir Westelike Kaap nooit meer 'n kommunis mag noem nie?

DIE VOORSITTER: Nie in hierdie Raad nie.

MNR. BOTHA: Die uitgangspunt van die Verenigde Party en die lid wat hom laat kies het as 'n kommunis is naamlik dit, dat hulle staan, albei, vir politieke gelykstelling tussen blank en nie-blank.

MNR. ROBINSON: Dit is onwaar.

MNR. BARLOW: Dit is 'n leuen.

MNR. BOTHA: Omdat hulle daarvoor staan, beveg hulle hierdie klousule vanaand.

'N AGB. LID: Dit is 'n leuen.

MNR. BOTHA: Mag 'n agb. lid sê dat dit 'n leuen is?

DIE VOORSITTER: Wie het dit gesê?

MNR. BOTHA: Die agb. lid vir Hospitaal (mnr. Barlow).

MNR. BARLOW: Mag ek vra hoeveel die agb. lid elke jaar van die Nasionale Party kry?

MNR. BOTHA: Ek word betaal om Ceres te wen. Die Leier van die Opposisie help ons sonder dat hy betaal word daarvoor.

* * *

MNR. BARLOW: **Daar is soveel geraas dat ons nie 'n woord kan hoor nie.**

MEV. BALLINGER: **Op 'n punt van orde, mnr. die Voorsitter, kan ons 'n bietjie stilte kry?**

MNR. BARLOW: het u gereël dat ek kan aangaan?

DIE VOORSITTER: Ja.

MEV. BALLINGER: Mag ek 'n punt van orde opper? **Dit is absoluut onmoontlik vir ons om te hoor wat aangaan. Ons wat op die dwarsbanke sit, protesteer teen die geraas wat in hierdie deel van die Huis aan die gang is. Dit is absoluut onmoontlik vir ons om die toesprake te hoor van agb. lede wat halfweg in die Huis sit, laat staan die Voorsitter.**

MNR. LAWRENCE: Mnr. die Voorsitter, ek het die reg om die agb. lid te steun met die punt van orde wat sy geopper het. Ek het hierheen gekom om te luister, omdat ek weet wat die moeilikhede is waaronder lede in hierdie hoek gebuk gaan as gevolg van ongepaste, aanstootlike en sinnelose tussenwerpsels wat kom van lede in daardie hoek aan die oorkant. Lede aan hierdie kant moet beskerm word. Die valbyl hang oor ons hoof en u, mnr. die Voorsitter, het probeer om ons kort te sny.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Op 'n punt van orde, is die agb. lid geregtig om te sê dat die Voorsitter misbruik maak van sy mag?

MAJ. VAN DER BYL: Hy het dit nooit gesê nie.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Dit is waarop dit neerkom.

MNR. BELL: U verdraai soos gewoonlik.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Die woorde van die agb. lid was dat die Voorsitter probeer om lede kort te sny, en ek beweer dat dit 'n refleksie op die Stoel is.

(vervolg op bladsy 6 kolom 5)

# VOLKSRAAD WAS IN BOERE-REPUBLIEK WAARDIGHEID SELF

**In 'n persoonderhoud toegestaan aan Kees van Hoek het wyle dr. W. J. Leyds, staatsekretaris van die Transvaalse Republiek onder pres. Kruger, sy indrukke gegee van die volksraad van die Republiek. Sy opmerkings kan vergelyk word met die onwaardige gedrag wat deur volksraadslede onder die Britse partystelsel in ons Unie-volksraad vandag geopenbaar word. In daardie dae het volksraadslede wel lang toesprake gehou, maar dit het gegaan oor die meriete van die saak. Dit was beredenering in belang van die volk. Vandag het beredenering plek gemaak vir sogenaamde „debatte" tussen twee opponerende partye waarin die lafste, onvanpaste en vitterigste uitlatings gedoen word in 'n poging om die teenparty te kleineer en voordeel vir die eie party af te oes.**

**Van Hoek skryf:**

„In antwoord op 'n vraag of daar nie baie oortollige besprekings plaasgevind het in die Volksraad nie, het hy geantwoord: „In 'n sekere sin, ja, maar 'n mens sal dit nooit anders kry in Suid-Afrika nie. Hulle het tog so graag na hulle eie stemme geluister! **Maar hoewel 'n mens gely het onder daardie spraaksaamheid, kon 'n mens darem nie help om hulle te bewonder nie. Hulle was gebore wetgewers en het al hulle kragte aan die taak gewy. Tussen die volksraadsittings in gaan hulle in die distrikte rond waar hulle aan hulle kiesafdelings die wette verduidelik.**

**„Die Raadslede was baie op hulle waardigheid gesteld. Na al die afgelope jare, waarin ek so baie parlemente bygewoon het, gee ek die ou republiek se Raadslede die pluimpie vir parlementêre decorum. Met hulle imponerende baarde, altyd in swart gekleed met 'n wit das, en met 'n voorsitter wie se wil onbetwis was, het hulle geweet om nie slegs orde nie, maar die waardigheid self te bewaar. Die Volksraad het in werklikheid na die Senaat van die volk gelyk, en dit is 'n kompliment wat 'n mens nie aan baie verteenwoordigende vergaderings vandag kan maak nie."**

Hierbo word die lig gewerp op 'n stukkie kosbare volkstradisie. Maar in plaas van dit te bewaar, het ons volk die Britse tradisie gaan volg, en die resultaat is onder meer soos dit hier langsaan uit Hansard weergegee word.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# TREINVERTRAGINGS STREM EKONOMIESE VOORUITGANG

**Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:**

Die produksie van ons land neem allerweë toe en hoewel die lokomotiewe groter word en swaarder vragte trek, verminder die oponthoude of vertragings van treine op hooflyne nie. Met die heen en weer outory na die noorde — dit gebeur dikwels — word bemerk hoedat by klein stasies en haltes (wat geen inkomste aan die Spoorkas besorg nie) twee, drie en vier goedere- en bommeltreine vir lang tye staan om kruisings vir sneller treine van voor- en agteraf moontlik te maak. Op baie plekke word passasierstreine opgehou om verbykomkans aan die Bloutrein, Oranje-sneltrein en ander sneller treine te gee; ja, die rook van die sneller trein slaan doer in die verte uit — soms het ek hulle 10 myl verder aan verby gery — oponthoude! Vertragings!

Sal dit nie 'n gesonde beleid wees om 'n begin te maak met die verdubbeling van spoorbane nie, sê op die trajek Wellington-De Aar vir 'n jaarlikse afstand van 25 tot 50 myl. Omdat daar so baie gepraat word oor desentralisering sou dit miskien nie beter wees om vir 'n afgeskeepte hawestad soos Mosselbaai 'n groter hinterland te voorsien en, sodoende, die boerebevolking nader te bring aan noordelike markte en sulke belangrike samelewings soos Knysna, George en Oudtshoorn, nywerheidsbewus te maak nie?

# Kan Nuwe Kry Deur Middel Van Party-Stelsel

**Mnr. P. C. Kruger, Germiston, skryf:**

Na aanleiding van mnr. J. A. Smith se artikel oor wyle genl. Hertzog wil ek 'n paar opmerkings maak. Ons herdenk aanstaande jaar die volksplanting van Jan van Riebeeck, wat later deur die Britse imperialisme bedreig is, en wat gelei het tot die stigting van die twee Republieke. Natal en Kaapland was toe onder Britse vlag en ons het geen eenheid gehad nie. Met Unifikasie het die drie tot 'n eenheid gekom en was dit 'n groot stap vorentoe, hoewel nog onder die Engelse vlag. Dit was toe dat genl. Hertzog sy aandeel geneem het om ons nog nader aan ons bestemming te bring, maar ook nog nie heeltemal daar nie. Tans is dr. Malan besig om sy deel te doen met die kleurwetgewing wat hy deurloods. Niemand sal kan sê dat die Malan-regering niks doen nie. Genl. Hertzog se laaste boodskap was egter dat hy hom weer tot sy volk se diens sou stel, maar nooit weer binne die partypolitiek nie. Die V.P. se tyd is verby. In die volgende verdeling in die politiek sal die anti-partypolitieke groep die opposisie wees. Maar die verskil tussen die Malangroep en laasgenoemde is maar net oor die partystelsel, en as die V.P. verdwyn, is ons dus al weer 'n stap nader aan ons eenheid. Met die eerste kongres van die Het Volkparty het ek reeds teen die partypolitiek gepleit. Dit was lank voor die O.B. Dit sal nog lank duur voordat ons volk die verskil tussen partypolitiek en volkspolitiek sal verstaan. Wat hy bereik het, het genl. Hertzog deur middel van die partypolitiek bereik, hoewel hy ons in sy laaste boodskap aangeraai het om die partypolitiek te verwerp. Elke ding het egter sy tyd en mens kan nie jou broek wat al oud is weggooi voordat jy 'n ander het nie. Laat die O.B.-leiers vir ons 'n plan aan die hand gee hoe om 'n regering te bekom sonder kandidate te stel en sonder revolusie. Om te praat teen die partystelsel bring ons niks verder as waar ons is nie. Ek is nog net so gekant teen die partystelsel as ooit te vore.

(Die geagte korrespondent is heeltemal reg. Die verwerping van die partystelsel as sodanig beteken nog nie dat mens moet weier om daarvan gebruik te maak om jou partylose ideaal te bereik nie. Niks belet die anti-partypolitieke groep om self kandidate binne die huidige stelsel te stel met die doel om 'n regering te vorm wat die partystelsel deur 'n volkstelsel sal vervang nie. Inteendeel, hulle mag besmoontlik nog daartoe gedwing word.—Red.)

# Duidelikheid Oor Republiek

**Mnr. H. P. Wassermann, Langriet, Pk. Kaapsedrift, skryf:**

Daar word so baie geskrywe omtrent ons vrye republiek. Ek is met hart en siel vir 'n republiek, want hoe eerder ons 'n republiek kan kry hoe beter. Die eerste vraag is — waarom kan ons nie 'n republiek kry nie? Myns insiens moet ons as volk 'n volkstemming uitroep. Waarom moet ons al die jare wag vir ons republiek? Ek is nou baie haastig vir 'n republiek. Ons as Afrikanervolk moet ons eie president kies. Ons moet los wees van die sogenaamde Britse konneksie en die sogenaamde Statebond en die V.V.O. en sy veiligheidsraad met Stalin se vetoreg. Waarom hou dr. Malan ons volk in die donker deur net vir ons in die nuusblaaie te sê Suid-Afrika moet 'n republiek word en sal dit word, en daarby bly dit?

Ons moet ook ons eie goue ponde kan slaan in ons eie ryk land met ons president se kop

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

daarop nes wyle Paul Kruger sy eie goue ponde geslaan het. Afrika sal nooit reg kom voor ons nie ons eie president het nie, los van die sogenaamde Empire en sy geknoei. Ons wil ons republiek hê soos Ierland syne met sy president.

(vervolg van bladsy 6 kolom 3)

**sterk en deurdat hy nie teruggedeins het vir die stryd nie, kon hy binne twaalf jaar regeer. Ons moenie vergeet nie dat die volk in hierdie opsig met ons saamstem. Die intelligentsia wat oor die kleurvraagstuk dink, aanvaar hierdie beleid en so ook die Afrikaanse kerke. Dit is 'n magtige feit.**

Mev. (dr.) J. A. Wiid, van Stellenbosch, het die spreker bedank.

Die volgende vergadering vind op 25 Julie plaas, weer in die Komiteekamer van die Groote Kerk-gebou.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# HET KLEURLINGWET ONS VOLK GERED?

## *Hoe O.B. Die Vraagstuk Sien*

**Die blanke beskawing kan nie beveilig word deur 'n paar setels nie, veral nie wanneer die versekering van hierdie setels ten gevolge het dat daar 'n kragtige buite-parlementêre aaneensluiting van nie-blankes plaasvind nie. Veiligheid kan alleen gebou word op 'n grondslag van rus en vrede en daardie grondslag is tot so 'n mate daar dat selfs die uiterste liberaliste daarvoor te vinde is, het mnr. N. G. S. van der Walt, redakteur van Die O.B., verklaar toe hy verlede Woensdag die O.B.-vroue onder leiding van mev. dr. J. S. du Toit op hul maandelikse byeenkoms (elke laaste Woensdag) in Kaapstad toegespreek het. Mev. H. Bosman het opgetree as voorsitster.**

Mnr. Van der Walt is gevra om 'n uiteensetting te gee van die Kleurvraagstuk met besondere verwysing na die jongste regeringsmaatreëls. Hy het eers die motief agter die regeringsoptrede blootgelê deur daarop te wys dat die Herenigde Party heeltemal konsekwent gehandel het in verband met die Kleurling-stemreg. Hulle het hierdie maatreël reeds in 1938 in hul verkiesingsmanifes aan die volk beloof en hul beweegrede is dat die kleurlingstem in die toekoms so vinnig sal toeneem dat hulle 'n groot aantal kiesafdelings in Kaapland sal oorheers. In 1942 was daar nog maar 37,000 Kleurlingkiesers, maar agt jaar later het die getal al tot 47,000 gestyg, en die posisie vandag is dat daar 190,000 Kleurlingkinders in Kaaplandse skole is teenoor slegs 170,000 blanke kinders. Die H.N.P. is dus heeltemal korrek as hulle beweer dat die aanwas van Kleurlingkiesers 'n onhoudbare toestand vir die blankes uiteindelik kan skep in Kaapland.

### OPLOSSING?

Die vraag is egter of hierdie maatreël in sy doel slaag om die blanke te beveilig. Vir die H.N.P. beteken dit op die oomblik die beveiliging van 'n stuk of agt setels, maar daarteenoor kry die Kleurlinge vier in die volksraad en een in die senaat, wat die nie-blankes (saam met die naturelle-verteenwoordigers) 'n totaal van sewe in die volksraad en vyf in die senaat gee. **Toe die regering die bewind oorgeneem het, het hy maar 'n meerderheid van vyf in die volksraad en een in die senaat gehad.** Hierdie twaalf nie-blanke verteenwoordigers kan dus 'n beslissende rol in ons politiek speel, en hulle sal nie meer tradisionele Sappe wees nie — die ergste wat die Kleurlinge voorheen kon ingestem het — dog die uiterste ekstremiste en agitators.

### DIE PRYS

Die prys wat die volk vir die wins van hierdie stuk of vier setels betaal, is eerstens die verlies van die Kleurling se welwillendheid teenoor die blanke. **Hy kies nou kant by die naturel en die Indiër en laasgenoemdes vorm nou een magtige ontevrede blok teen die blanke. Hulle mag buite die parlement is veel groter as daarbinne, en ons weet watter mag die Ossewabrandwag as 'n buite-parlementêre organisasie tydens die oorlog was en hoe die regering hom gevrees het. Met die inskakeling van die steeds meer nie-blankes in ons ekonomiese lewe kan daar nouliks 'n denkbeeld gevorm word van die ontsaglike gevaar wat die blanke bedreig in tyd van oorlog of ander krisis. Die ontevrede en aangehitste elemente kan ons ekonomiese lewe heeltemal lam lê deur landswye stakings, waarvoor die kommunistiese elemente hulle reeds in die verlede al begin dissiplineer het met die uitroep van politieke stakings van tyd tot tyd.**

In die tweede plaas het Suid-Afrika nog 'n groter stuk vooroordeel van die buitewêreld ingeoes met hierdie maatreël waarteen die opposisie hom so heftig versit — nie terwille van beginsels nie, want sy eie kleurbeleid stem grootliks met dié van die H.N.P., maar bloot terwille van die setels wat hy nou aan die regeringsparty moet gaan prysgee.

### BLANKES VERDEELD

In die derde plaas het dit die blankes onder mekaar verdeel, **nie oor die Kleurlinge nie, maar oor die feit dat die regering die wet deurgevoer het sonder inagneming van die verskanste klousule in die grondwet.** Daar is twee verskanste artikels — die een oor die nie-blanke se stemreg, en die ander oor die erkenning van die twee tale. Nie die amptelike opposisie nie, wat wel beter weet, het geskrik nie, maar die gewone lid van die Engelse publiek wat nou vrees dat as 'n gewone parlementêre partymeerderheid die een verskanste klousule kan plattrap, niks in die pad staan om te verhoed dat die ander een ook platgetrap kan word nie. **Nou kry ons 'n groot woeling onder die Engelssprekendes oor konstitusionele sake sonder dat ons maar 'n enkele stap in die rigting van 'n republiek of nuwe grondwet beweeg het. Die Engelse stig nou ook 'n buite-parlementêre volksbeweging waarvoor die H.N.P. so bang is dat hy die opposisie aanhits om hulle dood te swyg soos hy die O.B. doodgeswyg het.**

Dit lyk nie of hierdie beveiliging van 'n paar parlementêre setels enigsins opweeg teen die onrus en gevare wat dit buitekant die parlement aan die gang gesit het nie, sowel onder die blankes as die nie-blankes hier en in die buiteland.

### RAAK NIE KERN NIE

**Dit raak geensins die wese van die kleurvraagstuk nie.** Die kleurvraagstuk kan alleen opgelos word wanneer ons 'n verhouding tussen blank en nie-blank bewerkstellig wat berus op 'n grondslag van vreedsaamheid en welwillendheid. **Die huidige maarteël plaas net 'n deksel bo-oor die nie-blanke, wat hom daarteen steeds in groter mate sal verset namate sy krag aanwas. Jy kan geen volk onderhou deur sy ontwikkeling aan bande te lê nie, en die huidige inkorting van mag sal tot steeds kragdadiger agitasie onder alle nie-blankes dwarsdeur die Unie lei.**

**Die oplossing lê in die aanvaarding van algehele segregasie vir die inheemse nie-blankes. Selfs die gehardste liberaliste, soos wyle min. Hofmeyr, het openlik verklaar dat hulle algehele segregasie as 'n regverdige oplossing beskou indien dit maar net prakties uitvoerbaar is. Daar kan dus geen beginselbeswaar teen so 'n beleid wees nie, nòg binne nòg buite Suid-Afrika.** Op die regte wyse aangepak kan so 'n beleid selfs die welwillende samewerking van die nie-blanke verkry. Bepaalde gebiede waarin die nie-blanke die hoogste geleentheid van ontwikkeling en selfbestuur sal hê onder toesig van die blanke voorlopig, sal 'n suigkrag vorm. Geen naturel byvoorbeeld sal na Kaapstad kom om melkbottels af te lewer indien hy in sy eie gebied 'n amptenaar of vakman kan word nie. Dan kan daar ten duidelikste aan die wêreld gesê word dat die nie-blanke in sy eie gebied die stemreg het — terwyl die blanke dit daar nie het nie — en dat hy gevolglik nie daarop aanspraak kan maak om ook stemreg in die blanke se gebied te besit nie. Welwillendheid sal dan plek maak vir die huidige groeiende vyandskap en gevoel van verydeling by die nie-blanke.

### BRITSE SIELKUNDE

**Ons moet eers aan die nie-blanke regte gee voordat ons regte wegneem. Ons moet sy welwillendheid koop deur iets van sy eie aan hom te gee. Ons kan baie leer in dié opsig van die Britse imperialisme. Deur geleidelik steeds meer regte aan onderhorige volke te gee, koop hulle die verset van daardie volke en uiteindelik is daardie volke so dankbaar teenoor Brittanje dat hulle nie meer bereid is om van hom af weg te breek nie. So kan ons ook die nie-blanke se welwillendheid wen deur hom sy eie dinge te gee.**

### WORTEL-VRAAGSTUK

**Maar om dit te bereik, sal daar by die wortel van alle vraagstukke begin moet word— die Britse partystelsel wat een deel van die blankes dwing om die ander oor elke maatreël te beveg behalwe as dit gaan om die verhoging van parlementêre salarisse. Met 'n verenigde volk wat weet wat hy wil en bereid is om op te offer vir sy eie voortbestaan, is algehele segregasie moontlik.** In die geval van die naturelle kan dit vinniger geskied, in die geval van die Kleurlinge noodwendig meer langsaam.

Op die vraag hoe so 'n beleid ooit verwesenlik kan word in die aangesig van die feit dat die O.B. geen pers het wat opweeg teen dié van die H.N.P. nie, het mnr. Van der Walt gesê dat as 'n mens se saak sterk is, en jy gaan op die regte wyse te werk deur van elke moontlike geleentheid gebruik te maak om jou saak aan die volk te stel, niks jou uiteindelik sal kan stuit nie. **In 1912 het genl. Hertzog met niks meer gesit as die O.B. vandag nie. Hy was die skeurmaker in die oog van die party en die pers, maar sy saak was**

(vervolg op bladsy 5 kolom 5)

# Brittanje Wil Nog Steeds Rooi Sjinese In V.V.O. Hê

**„Dit is nog steeds Brittanje se beleid dat die kommunistiese Sjinese regering Sjina in die V.V.O. moet verteenwoordig, hoewel die vraagstuk voorlopig uitgestel moet word weens die Peking-regering se gedrag," het die Britse minister van buitelandse sake, Herbert Morrison, verlede week gesê.**

**Intussen is uit Parys berig dat 'n konferensie van die opvoedkundige vertakking van die V.V.O. (Unesco) verlede week met 19 teen 7 stemme besluit het om die nasionale Sjinese regering van Tsjiang Kasjek nog toe te laat om Sjina amptelik te verteenwoordig.**

**Brittanje, Indië en Birma het hulle by die minderheid gevoeg wat teen die voorstel gestem het.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# MOET IN KOMBUIS BAD OF TRAP

**Omdat hulle een van die klein vertrekkies van hul drieslaapkamerhuise tot 'n badkamer omskep het deur die bad daarin te dra, is sewe huisgesinne in die Britse dorp Coseley met uitsetting bedreig, volgens die blad Union. Die huise behoort aan die stadsraad en was nie van badkamers voorsien nie. Die bad het in die kombuis gestaan, en is toe deur die bewoners na die kleinste kamer oorgebring.**

„Mnr. Gaitskell, die minister wat gesê het dat hy nie bad nie, sal ongetwyfeld ingenome wees met hierdie besluit (om die mense uit te sit), maar daar is darem nog van ons wat dit veel meer higiënies vind om in 'n badkamer te bad as in 'n kombuis," merk die blad op.

In Brittanje is badkamers nogal 'n seldsaamheid. Besoekers uit Suid-Afrika wat daar onder die gewone mense beweeg, is verbaas om te vind dat mens jou maar in die kombuis by die opwasbak moet afspons wanneer jy 'n bad wil neem.

In 'n groot nywerheidstad soos Birmingham, byvoorbeeld, met ongeveer 'n miljoen inwoners, is amptelik vasgestel dat 142,523 huise sonder badkamers is. As aangeneem word dat daar gemiddeld vyf mense in 'n huis woon, beteken dit dat ongeveer drie-kwart van alle huise sonder 'n badkamer is. Soveel as 35,000 huise in die stad het nie eens 'n eie latrine nie en meer as 6,000 is sonder water.

So ongewoon is sommige Britte aan 'n bad dat hulle, wanneer hulle 'n huis betrek wat wel van 'n bad voorsien is, dit vir heeltemal ander doeleindes gebruik as om hulself te reinig. In sommige gevalle word dit dan gebruik om die steenkool in te bêre, terwyl een gesin dit gebruik het om vissies in aan te hou!

### SO WERK DIE PARLEMENT

(Vervolg van bls. 5 kol. 3.)

MNR. BELL: Onsin.

MNR. LAWRENCE: Ek werp geen refleksie op die Voorsitter nie.

AGB. LEDE: Trek terug.

MNR. LAWRENCE: As ek iets onbetaamliks of iets oneerbiedigs gesê het dan trek ek dit terug, maar ek sê tog dat u probeer het om ons kort te sny, nie op onbehoorlike wyse nie, maar ten uitvoering van u pligte; **ek herhaal dit en ek vra om beskerming van agb. lede aan hierdie kant van die Huis sodat hierdie plek nie sal lyk na 'n bierparty nie, maar na 'n waardige wetgewende vergadering.**

DIE VOORSITTER: Orde, orde! Ek moet 'n beroep doen op lede aan albei kante . . .

MNR. BELL: Veral daar oorkant.

DIE VOORSITTER: . . . om behoorlik die stilte te bewaar terwyl die debat aan die gang is. Slegs een lid kan op 'n keer praat, en die agb. lid vir Hospitaal spreek nou die Huis toe.

**(Vir hierdie „harde werk" ontvang parlementslede nou £1,400 per halfjaar waarvan £700 vrygestel is van inkomstebelasting).**



Luister na die REMBRANDT-program van meestersangers—Handelsradio, S.A.U.K., elke Maandagaand om 6.45.